

PERSOONLIKE FINANSIËLE RISIKOTOLERANSIE-VERSLAG

Naam: Jean Sample 25Q ZAA

Ooreengekome Telling: 59

Datun: 07 Julie 2014

Naam: John Sample 25Q ZAA

Ooreengekome Telling: -

Datun: 30 Augustus 2016



FinaMetrica

Risk Tolerance Profiling




Jean Sample 25Q ZAA (59)

Jou risikotoleransie-telling stel jou in staat om jouself met 'n verteenwoordigende groep van die volwasse bevolking te vergelyk. Jou telling is 53. Hierdie telling is effens hoër as die gemiddelde telling, meer as 60% hoër as alle tellings.

Wanneer die tellings op 'n grafiek aangedui word, vorm dit 'n klokvormige kurwe soos hieronder aangetoon word. Om die tellings sinvoller te maak, is die 0 tot 100-skaal in sewe risikogroepe verdeel. Jou telling plaas jou in risikogroep 4.

In die laaste vraag het jy geskat dat jou telling 60 sou wees. Die meeste mense onderskat hul tellings met 'n paar punte. Jou skatting was egter 'n oorskatting. Vergeleke met ander mense is jou risikotoleransie ietwat minder as wat jy gedink het.




Risikogroep	1	2	3	4	5	6	7
Omvang van puntetellings	Minder as 25	25-34	35-44	45-54	55-64	65-74	75 of meer
Aantal in Groep	1%	6%	24%	38%	24%	6%	1%

John Sample 25Q ZAA (-)

Jou risikotoleransie-telling stel jou in staat om jouself met 'n verteenwoordigende groep van die volwasse bevolking te vergelyk. Jou telling is 42. Dis 'n laer as gemiddelde telling, laer as 77% van alle tellings.

Wanneer die tellings op 'n grafiek aangedui word, vorm dit 'n klokvormige kurwe soos hieronder aangetoon word. Om die tellings sinvoller te maak, is die 0 tot 100-skaal in sewe risikogroepe verdeel. Jou telling plaas jou in risikogroep 3.

In die laaste vraag het jy geskat dat jou telling 60 sou wees. Die meeste mense onderskat hul tellings met 'n paar punte. Joune was egter 'n groot oorskatting. Vergeleke met ander mense is jou risikotoleransie baie minder as wat jy gedink het.



Risikogroep	1	2	3	4	5	6	7
Omvang van puntetellings	Minder as 25	25-34	35-44	45-54	55-64	65-74	75 of meer
Aantal in Groep	1%	6%	24%	38%	24%	6%	1%

Jean Sample 25Q ZAA (59)

Oorsig

Die beskrywing van die risikogroep 4 wat volg, bied 'n opsomming van die tipiese gesindhede, waardes, voorkeure en ervarings van diegene in jou groep. Dit som op hoe diegene in jou risikogroep gewoonlik die risikotoleransie-vraelys beantwoord. Twee van jou antwoorde het van hierdie beskrywing verskil. Hulle word in kursief onder die betrokke deel aangedui en in die Opsomming-afdeling wat volg. Hierdie verskille verfyn die beskrywing vir jou persoonlik.

Die neem van finansiële besluite

Hulle dink aan "risiko" as "onsekerheid" en is bereid om 'n medium mate van risiko met hulle finansiële besluite te loop (v3 & 10). Hulle het 'n redelike mate van vertroue in hulle vermoë om goeie finansiële besluite te neem en voel gewoonlik ietwat optimisties oor hulle groot besluite ná hulle dit geneem het (v12 & 7).

Wanneer hulle voor 'n groot finansiële besluit te staan kom, is party gewoonlik meer besorg oor die moontlike verliese terwyl andere gewoonlik meer besorg is oor die moontlike winste (v6). Hulle sou effe meer waarskynlik meer werksekerheid met 'n klein salarisverhoging verkies as minder werksekerheid met 'n groot salarisverhoging (v5).

Finansiële teleurstellings

Wanneer dinge finansiëel skeefloop pas hulle waarskynlik tot dieselfde mate ietwat moeilik aan as ietwat maklik (v2).

Finansiële verlede

Hulle het 'n klein tot medium mate van risiko met hulle vorige finansiële besluite geloop, meer waarskynlik medium, en die meeste het nooit geleen geld om 'n belegging te maak nie (v9 & 11). Hulle het nooit 'n groot som geld in 'n riskante belegging belê hoofsaaklik vir die "opwinding" daarvan om te sien of die waarde daarvan op of afgaan het nie (v4).

Beleggings

Dit is ietwat belangriker dat die waarde van hulle beleggings koopkrag behou as dat dit nie afneem nie (v18). Vir die meeste sou 'n afname van 20% in die totale waarde van hulle beleggings hulle ongemaklik laat voel maar vir andere sou dit 'n 33%-afname verg (v14). Oor die afgelope aantal jaar was daar vir die meeste geen veranderinge in die risiko van hulle persoonlike beleggings nie, maar vir dié wat verander het, was die veranderinge meestal in die rigting

John Sample 25Q ZAA (-)

Oorsig

Die beskrywing van die risikogroep 3 wat volg, bied 'n opsomming van die tipiese gesindhede, waardes, voorkeure en ervarings van diegene in jou groep. Dit som op hoe diegene in jou risikogroep gewoonlik die risikotoleransie-vraelys beantwoord. Vier van jou antwoorde het van hierdie beskrywing verskil. Hulle word in kursief onder die betrokke deel aangedui en in die Opsomming-afdeling wat volg. Hierdie verskille verfyn die beskrywing vir jou persoonlik.

Die neem van finansiële besluite

Hulle dink aan "risiko" as "onsekerheid" en is bereid om 'n klein tot medium mate van risiko met hulle finansiële besluite te loop, meer waarskynlik klein (v3 & 10). Hulle het hoogstens slegs 'n redelike mate van vertroue in hulle vermoë om goeie finansiële besluite te neem maar voel gewoonlik ietwat optimisties oor hulle groot besluite ná hulle dit geneem het (v12 & 7).

Wanneer hulle voor 'n groot finansiële besluit te staan kom, is hulle gewoonlik meer besorg oor die moontlike verliese as die moontlike winste (v6). Die meeste sou waarskynlik meer werksekerheid met 'n klein salarisverhoging verkies eerder as minder werksekerheid met 'n groot salarisverhoging, maar andere sou ongetwyfeld daardie keuse maak (v5).

- *Jy voel gewoonlik 'n bietjie pessimisties oor jou groot finansiële besluite nadat jy dit geneem het.*

Finansiële teleurstellings

Wanneer dinge finansiëel skeefloop pas hulle ietwat moeilik aan (v2).

Finansiële verlede

Hulle het 'n klein tot medium mate van risiko met hulle vorige finansiële besluite geloop, meer waarskynlik klein, en het nooit geleen geld om 'n belegging te maak nie (v9 & 11). Hulle het nooit 'n groot som geld in 'n riskante belegging belê hoofsaaklik vir die "opwinding" daarvan om te sien of die waarde daarvan op of afgaan het nie (v4).

- *Jy het al beleggings vir die "opwinding" gemaak, maar baie selde.*

Beleggings

Vir party is dit ietwat belangriker dat die waarde van hulle beleggings nie afneem nie as dat dit koopkrag behou maar vir die meeste is die behoud van koopkrag die belangrikste van die twee (v18). Vir party sou 'n afname van 10% in die totale waarde van hulle beleggings hulle ongemaklik laat voel, maar vir andere sou dit 'n afname van 20% verg (v14). Oor die afgelope aantal jaar was veranderinge in hulle persoonlike beleggings meestal in

van laer risiko (v19). Oor tien jaar verwag hulle dat 'n beleggingsportefeulje gemiddeld sowat twee tot twee en 'n half keer die koers van bankdeposito's sal verdien, meer waarskynlik twee keer (v21).

Gegewe die portefeuljekeuses hieronder, verkies hulle Portefeuljes 3 of 4, meer waarskynlik Portefeulje 4 (Q16).

1	0 %	0 %	100 %
2	0 %	30 %	70 %
3	10 %	40 %	50 %
4	30 %	40 %	30 %
5	50 %	40 %	10 %
6	70 %	30 %	0 %
7	100 %	0 %	0 %
	Hoë	Matige	Lae

VERWAGTE RISIKO EN OPBRENGS

- Met hierdie portefeuljekeuses sal jy Portefeulje 5 kies.

die rigting van laer risiko (v19). Oor tien jaar verwag hulle dat 'n beleggingsportefeulje gemiddeld sowat een en 'n half tot twee keer die koers van bankdeposito's sal verdien, meer waarskynlik twee keer (v21).

Gegewe die portefeuljekeuses hieronder, verkies hulle Portefeuljes 2 of 3, meer waarskynlik Portefeulje 3 (v16).

1	0 %	0 %	100 %
2	0 %	30 %	70 %
3	10 %	40 %	50 %
4	30 %	40 %	30 %
5	50 %	40 %	10 %
6	70 %	30 %	0 %
7	100 %	0 %	0 %
	Hoë	Matige	Lae

VERWAGTE RISIKO EN OPBRENGS

- Met hierdie portefeuljekeuses sal jy Portefeulje 5 kies.

Lenings

Indien hulle 'n groot som geld sou leen op 'n tydstip toe dit nie duidelik was in watter rigting rentekoerse sou beweeg nie en toe die vaste rentekoers 1% meer was as die veranderbare koers, sou die meeste verkies om 50% van die lening teen wisselende rente te hê, maar party sou 75% of 100% verkies (v23).

- Jy sal verkies dat net 25% teen 'n vaste rentekoers moet wees.

Lenings

Indien hulle 'n groot som geld sou leen op 'n tydstip toe dit nie duidelik was in watter rigting rentekoerse sou beweeg nie en toe die vaste rentekoers 1% meer was as die veranderbare koers, sou hulle verkies om ten minste 50% van die lening teen vaste rente te hê (v23).

- Jy sal verkies dat net 25% teen 'n vaste rentekoers moet wees.

Staatsvoordele en belasting

Solank daar slegs 'n klein moontlikheid was dat hulle slegter daaraan toe kon eindig as wanneer hulle niks gedoen het nie, sou hulle 'n risiko geloop het met die reël van hulle sake om 'n belastingvoordeel te verkry (v22).

Staatsvoordele en belasting

Solank daar slegs 'n klein moontlikheid was dat hulle slegter daaraan toe kon eindig as wanneer hulle niks gedoen het nie, sou die meeste 'n risiko geloop het met die reël van hulle sake om 'n belastingvoordeel te verkry maar party sou nie enige risiko geloop het nie (v22).

Die neem van finansiële besluite		Jean (59)						
		Risikogroep						
		1	2	3	4	5	6	7
Q3	"Risiko" beteken				✓			
Q10	Huidige risiko-ptyt				✓			
Q12	Vertroue in Besluite				✓			
Q7	Gevoel ná Besluite				✓			
Q6	Verliese vs. winste				✓			
Q5	Werksekerheid v. salarisverhoging				✓			

		John (-)						
		Risikogroep						
		1	2	3	4	5	6	7
				✓				
				✓				
				✓				
		✗						
				✓				
				✓				

Finansiële teleurstellings

Q2	Aanpassing				✓			
----	------------	--	--	--	---	--	--	--

			✓					
--	--	--	---	--	--	--	--	--

Finansiële verlede

Q9	Waagmoed				✓			
Q11	Leen om te belê				✓			
Q4	Opwinding-belegging				✓			

			✓					
			✓					
							✗	

Beleggings

Q18	Sigwaarde vs. werklike waarde				✓			
Q14	Afwaartse ongemak				✓			
Q19	Risikoveranderinge?				✓			
Q21	10 jaar se winste				✓			
Q16	Voorkeurportefeulje							✗

			✓					
			✓					
			✓					
			✓					
								✗

Lenings

Q23	Vaste v veranderlike rentekoers							✗
-----	---------------------------------	--	--	--	--	--	--	---

								✗
--	--	--	--	--	--	--	--	---

Staatsvoordele en belasting


Q22	Loop 'n risiko				✓			
-----	----------------	--	--	--	---	--	--	--

			✓					
--	--	--	---	--	--	--	--	--


Jean Sample 25Q ZAA (59)

Portfolio Set

Add Portfolio



John Sample 25Q ZAA (42)



Historical Portfolio Performance for FinaMetrica's Illustrative Portfolios

South Africa v2.0

Worst Fall	3.3%	8.4%	10.4%	12.3%	13.9%	18.4%	21.2%	25.3%	29.3%	33.1%	38.5%
Best Rise	154.4%	50.3%	28.0%	31.7%	30.6%	28.3%	29.3%	30.7%	31.7%	33.1%	34.4%
10yrs Real Annualised Return	4.8%	5.5%	6.0%	6.5%	7.0%	7.6%	7.6%	8.0%	8.0%	8.2%	8.3%
10yrs Real End Value of R1,000	R1,628	R1,732	R1,818	R1,904	R1,983	R2,091	R2,107	R2,176	R2,183	R2,245	R2,258
	0%	10%	20%	30%	40%	50%	60%	70%	80%	90%	100%

GROWTH ASSETS

1 Vergeleke met ander mense, hoe beskou jy jou bereidwilligheid om finansiële risiko's te neem?

- | | |
|------------------------------|-----------------------------------|
| 1. Uiters lae risikonemer. | 1. Uiters lae risikonemer. |
| 2. Baie lae risikonemer. | 2. Baie lae risikonemer. ✓ |
| 3. Lae risikonemer. | 3. Lae risikonemer. |
| 4. Gemiddelde risikonemer. | 4. Gemiddelde risikonemer. |
| 5. Hoë risikonemer. ✓ | 5. Hoë risikonemer. |
| 6. Baie hoë risikonemer. | 6. Baie hoë risikonemer. |
| 7. Uiters hoë risikonemer. | 7. Uiters hoë risikonemer. |

2 Hoe maklik pas jy aan wanneer dinge finansiël verkeerd loop?

- | | |
|-------------------------------|-------------------------------|
| 1. Baie ongemaklik. | 1. Baie ongemaklik. |
| 2. Nogal ongemaklik. ✓ | 2. Nogal ongemaklik. ✓ |
| 3. Nogal maklik. | 3. Nogal maklik. |
| 4. Baie maklik. | 4. Baie maklik. |

3 As jy aan die woord "risiko" in 'n finansiële verband dink, watter van die volgende woorde kom eerste in jou gedagtes op?

- | | |
|--------------------------|--------------------------|
| 1. Gevaar. | 1. Gevaar. |
| 2. Onsekerheid. ✓ | 2. Onsekerheid. ✓ |
| 3. Geleentheid. | 3. Geleentheid. |
| 4. Opwinding. | 4. Opwinding. |

4 Het jy al ooit 'n groot bedrag geld in 'n riskante belegging belê bloot vir die opwinding wat dit bied om te sien of dit in waarde styg of daal?

- | | |
|-----------------------|-----------------------------|
| 1. Nee. ✓ | 1. Nee. |
| 2. Ja, baie selde. | 2. Ja, baie selde. ✓ |
| 3. Ja, nogal selde. | 3. Ja, nogal selde. |
| 4. Ja, nogal dikwels. | 4. Ja, nogal dikwels. |
| 5. Ja, baie dikwels. | 5. Ja, baie dikwels. |

5 As jy moes kies tussen groter werksekerheid met 'n klein salarisverhoging en minder werksekerheid met 'n groot salarisverhoging, watter een sou jy kies?

- | | |
|--|---|
| 1. Beslis groter werksekerheid met 'n klein salarisverhoging. | 1. Beslis groter werksekerheid met 'n klein salarisverhoging. |
| 2. Waarskynlik groter werksekerheid met 'n klein salarisverhoging. | 2. Waarskynlik groter werksekerheid met 'n klein salarisverhoging. ✓ |
| 3. Nie seker nie. ✓ | 3. Nie seker nie. |
| 4. Waarskynlik minder werksekerheid met groot salarisverhoging. | 4. Waarskynlik minder werksekerheid met groot salarisverhoging. |
| 5. Beslis minder werksekerheid met 'n groot salarisverhoging. | 5. Beslis minder werksekerheid met 'n groot salarisverhoging. |

6 As jy 'n belangrike finansiële besluit moet neem, is jy meer bekommerd oor die maontlike verliese of oor die maontlike winste?

1. Altyd die maontlike verliese.
2. Gewoonlik die maontlike verliese.
3. **Gewoonlik die maontlike winste.** ✓
4. Altyd die maontlike winste.

1. Altyd die maontlike verliese.
2. **Gewoonlik die maontlike verliese.** ✓
3. Gewoonlik die maontlike winste.
4. Altyd die maontlike winste.

7 Hoe voel jy gewoonlik oor belangrike finansiële besluite nadat jy dit geneem het?

1. Baie pessimisties.
2. Nogal pessimisties.
3. **Nogal optimisties.** ✓
4. Baie optimisties.

1. Baie pessimisties.
2. **Nogal pessimisties.** ✓
3. Nogal optimisties.
4. Baie optimisties.

8 Verbeel jou jy is in 'n werk waar jy kon kies of jy 'n salaris, kommissie of 'n kombinasie van albei betaal sou word. Wat sou jy kies?

1. Net salaris.
2. Hoofsaaklik salaris.
3. **Kombinasie van ewe veel salaris as kommissie.** ✓
4. Hoofsaaklik kommissie.
5. Net kommissie.

1. Net salaris.
2. **Hoofsaaklik salaris.** ✓
3. Kombinasie van ewe veel salaris as kommissie.
4. Hoofsaaklik kommissie.
5. Net kommissie.

9 Watter mate van risiko het jy in die verlede met jou finansiële besluite geneem?

1. Baie min.
2. Min.
3. **Medium.** ✓
4. Groot.
5. Baie groot.

1. Baie min.
2. Min.
3. **Medium.** ✓
4. Groot.
5. Baie groot.

10 Watter mate van risiko is jy tans bereid om met jou finansiële besluite te neem?

1. Baie min.
2. Min.
3. **Medium.** ✓
4. Groot.
5. Baie groot.

1. Baie min.
2. **Min.** ✓
3. Medium.
4. Groot.
5. Baie groot.

11 Het jy al ooit geld geleen om 'n belegging te maak (behalwe vir jou huis)?

1. **Nee.** ✓
2. Ja.

1. **Nee.** ✓
2. Ja.

12 Hoeveel vertrouwe het jy in jou vermoë om goeie finansiële besluite te neem?

- | | |
|-------------------------------|-------------------------|
| 1. Geen. | 1. Geen. |
| 2. 'n Bietjie. | 2. 'n Bietjie. ✓ |
| 3. 'n Redelike mate. ✓ | 3. 'n Redelike mate. |
| 4. 'n Groot mate. | 4. 'n Groot mate. |
| 5. Ten volle. | 5. Ten volle. |

13 Sê nou jy het 5 jaar gelede aandele gekoop in 'n maatskappy met 'n goeie naam. Daardie selfde jaar het die maatskappy weens swak bestuur 'n ernstige daling in verkope ondervind. Die prys van die aandele het aansienlik gedaal en jy het dit teen 'n aansienlike verlies verkoop.

Die maatskappy het nou herstruktureer en is onder nuwe bestuur en die meeste deskundiges verwag nou dat sy opbrengs hoër as die gemiddelde gaan wees. Gegewe jou slegte ondervinding met die maatskappy in die verlede, sal jy nou aandele in die maatskappy koop?

- | | |
|--------------------------|------------------------------|
| 1. Beslis nie. | 1. Beslis nie. |
| 2. Waarskynlik nie. | 2. Waarskynlik nie. ✓ |
| 3. Onseker. | 3. Onseker. |
| 4. Waarskynlik. ✓ | 4. Waarskynlik. |
| 5. Beslis. | 5. Beslis. |

14 Beleggings kan styg of daal in waarde, en deskundiges sê dikwels dat 'n mens gereed moet wees om 'n afswaai die hoof te kan bied. Hoeveel kan die totale waarde van al jou beleggings daal voordat jy gaan begin om ongemaklik te voel?

- | | |
|--|--|
| 1. Enige daling in waarde sal my ongemaklik laat voel. | 1. Enige daling in waarde sal my ongemaklik laat voel. |
| 2. 10%. | 2. 10%. ✓ |
| 3. 20%. ✓ | 3. 20%. |
| 4. 33%. | 4. 33%. |
| 5. 50%. | 5. 50%. |
| 6. Meer as 50%. | 6. Meer as 50%. |

15 Veronderstel dat 'n langverlore familielid sterf en 'n huis aan jou nalaat wat in 'n swak toestand is maar in 'n omgewing geleë is wat besig is om gewild te raak.

In sy huidige toestand sal die huis waarskynlik vir R600,000 verkoop kan word, maar as jy ongeveer R200,000 aan opknappingswerk bestee, sal die verkoopsprys om en by R1,200,000.00 wees. Daar is egter gerugte dat daar 'n groot laekoste/hoëdigheidsbehuisingsprojek langs die huis opgerig gaan word, en dit sal sy waarde aansienlik verminder.

Watter van die volgende opsies sal jy kies?

- | | |
|--|--|
| 1. Verkoop dit net soos dit is. | 1. Verkoop dit net soos dit is. |
| 2. Hou dit so, maar verhuur dit. ✓ | 2. Hou dit so, maar verhuur dit. ✓ |
| 3. Neem 'n verband van R200,000 uit en doen die opknappingswerk. | 3. Neem 'n verband van R200,000 uit en doen die opknappingswerk. |

16 Die meeste beleggingsportefeuljes bestaan uit 'n kombinasie van beleggings - sommige van die beleggings kan hoë verwagte opbrengste maar hoë risiko hê, sommige kan medium verwagte opbrengste en medium risiko hê, en sommige kan lae risiko/lae opbrengste hê. (Byvoorbeeld: aandele en eiendom sal hoë risiko/hoë opbrengste lewer terwyl kontant en bankdeposito's lae risiko/lae opbrengste sal lewer.)

Watter kombinasie van beleggings is vir jou die aantreklikste? Verkies jy alles moet lae risiko/ lae opbrengs, of hoë risiko/hoë opbrengs, of iewers tussenin wees?

Kombinasie van beleggings in portefeulje - Jean

Hoë Risiko/Opbrengs	0 %	0 %	10 %	30 %	50 %	70 %	100 %
Matige Risiko/Opbrengs	0 %	30 %	40 %	40 %	40 %	30 %	0 %
Lae Risiko/Opbrengs	100 %	70 %	50 %	30 %	10 %	0 %	0 %
	1	2	3	4	5	6	7

PORTEFEULJE

Kombinasie van beleggings in portefeulje - John

Hoë Risiko/Opbrengs	0 %	0 %	10 %	30 %	50 %	70 %	100 %
Matige Risiko/Opbrengs	0 %	30 %	40 %	40 %	40 %	30 %	0 %
Lae Risiko/Opbrengs	100 %	70 %	50 %	30 %	10 %	0 %	0 %
	1	2	3	4	5	6	7

PORTEFEULJE

17 Jy oorweeg dit om een kwart van jou beleggingsfondse in 'n enkele belegging te plaas. Hierdie belegging sal na verwagting omtrent twee keer die bankdepositokoers verdien. Hierdie belegging word egter nie soos 'n bankdeposito teen die moontlike verlies van die geld wat belê word, beskerm nie.

Hoe laag moet die moontlikheid van 'n verlies wees voordat jy die belegging sal maak?

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> 1. Nul, d.w.s. geen moontlikheid van enige verlies nie. ✓ 2. Baie klein moontlikheid van 'n verlies. 3. Matige moontlikheid van 'n verlies. 4. 50% - moontlikheid van 'n verlies. | <ul style="list-style-type: none"> 1. Nul, d.w.s. geen moontlikheid van enige verlies nie. 2. Baie klein moontlikheid van 'n verlies. ✓ 3. Matige moontlikheid van 'n verlies. 4. 50% - moontlikheid van 'n verlies. |
|---|---|

- 18** By sommige tipes beleggings, soos kontant en bankdeposito's, kan die waarde van die beleggings nie verminder nie. Inflasie sal egter meebring dat die koopkrag van hierdie belegging verminder sal word.

By ander tipes belegging, soos aandele en eiendom, wissel die waardes. Op die kort termyn kan dit selfs tot laer as die koopprys daal. Oor 'n lang termyn behoort die waarde van die aandele en eiendom beslis met meer as die inflasiekoers toe te neem.

Met dit in gedagte, wat is vir jou belangriker - dat die waarde van jou beleggings nie daal nie of dat jou beleggings hul koopkrag behou?

- | | | | |
|-----------|---|-----------|---|
| 1. | Baie belangriker dat die waarde nie daal nie. | 1. | Baie belangriker dat die waarde nie daal nie. |
| 2. | Ietwat belangriker dat die waarde nie daal nie. | 2. | Ietwat belangriker dat die waarde nie daal nie. |
| 3. | Ietwat belangriker dat die waarde sy koopkrag behou. ✓ | 3. | Ietwat belangriker dat die waarde sy koopkrag behou. ✓ |
| 4. | Baie belangriker dat die waarde sy koopkrag behou. | 4. | Baie belangriker dat die waarde sy koopkrag behou. |

- 19** Hoe het jou persoonlike beleggings in onlangse jare verander?

- | | | | |
|-----------|--|-----------|---|
| 1. | Altyd na laer risiko. | 1. | Altyd na laer risiko. |
| 2. | Meestal na laer risiko. | 2. | Meestal na laer risiko. ✓ |
| 3. | Geen veranderings nie of veranderings sonder duidelike rigting. ✓ | 3. | Geen veranderings nie of veranderings sonder duidelike rigting. |
| 4. | Meestal na hoër risiko. | 4. | Meestal na hoër risiko. |
| 5. | Altyd na hoër risiko. | 5. | Altyd na hoër risiko. |

- 20** By beleggings beweeg opbrengs en risiko gewoonlik hand aan hand. Beleggings met bogemiddelde opbrengste is gewoonlik onderhewig aan bogemiddelde risiko. Gedagtig daaraan, hoeveel van die fondse wat jy tans beskikbaar het vir belegging sal jy bereid wees om in beleggings te plaas waar beide die opbrengste en risiko's na verwagting bogemiddeld sal wees?

- | | | | |
|-----------|---------------|-----------|---------------|
| 1. | Geen. | 1. | Geen. |
| 2. | 10%. | 2. | 10%. |
| 3. | 20%. | 3. | 20%. ✓ |
| 4. | 30%. | 4. | 30%. |
| 5. | 40%. | 5. | 40%. |
| 6. | 50%. ✓ | 6. | 50%. |
| 7. | 60%. | 7. | 60%. |
| 8. | 70%. | 8. | 70%. |
| 9. | 80%. | 9. | 80%. |
| 10. | 90%. | 10. | 90%. |
| 11. | 100%. | 11. | 100%. |

21 Watter gemiddelde opbrengskoers sou jy verwag om oor die volgende tien jaar op 'n beleggingsportefeulje te verdien? Hoe vergelyk dit met wat jy dink jy sou verdien indien jy die geld in bankdeposito's sou belê?

- | | | | |
|-----------|--|-----------|--|
| 1. | Omtrent dieselfde koers as die van bankdeposito's. | 1. | Omtrent dieselfde koers as die van bankdeposito's. |
| 2. | Omtrent een en 'n half keer die koers van bankdeposito's. | 2. | Omtrent een en 'n half keer die koers van bankdeposito's. ✓ |
| 3. | Omtrent twee keer die koers van bankdeposito's. ✓ | 3. | Omtrent twee keer die koers van bankdeposito's. |
| 4. | Omtrent twee en 'n half keer die koers van bankdeposito's. | 4. | Omtrent twee en 'n half keer die koers van bankdeposito's. |
| 5. | Omtrent drie keer die koers van bankdeposito's. | 5. | Omtrent drie keer die koers van bankdeposito's. |
| 6. | Meer as drie keer die koers van bankdeposito's. | 6. | Meer as drie keer die koers van bankdeposito's. |

22 Neem aan dat jy jou finansiële sake kan reël om 'n belastingvoordeel te kry. 'n Verandering in wetgewing kan jou egter in 'n slegter posisie plaas as wat dit sou gewees het as jy niks gedoen het nie.

Gedagtig daaraan, sal jy jou sake so reël dat jy 'n belastingvoordeel kry?

- | | | | |
|-----------|---|-----------|---|
| 1. | Ek sal nie 'n kans waag as daar die geringste kans is dat ek op die ou einde slegter daaraan toe kan wees nie. | 1. | Ek sal nie 'n kans waag as daar die geringste kans is dat ek op die ou einde slegter daaraan toe kan wees nie. |
| 2. | Ek sal 'n kans waag as daar net 'n geringe kans is dat ek op die ou einde slegter daaraan toe sal wees. ✓ | 2. | Ek sal 'n kans waag as daar net 'n geringe kans is dat ek op die ou einde slegter daaraan toe sal wees. ✓ |
| 3. | Ek sal 'n kans waag as daar 'n moontlikheid van meer as 50% is dat ek op die ou einde beter daaraan toe kan wees. | 3. | Ek sal 'n kans waag as daar 'n moontlikheid van meer as 50% is dat ek op die ou einde beter daaraan toe kan wees. |

23 Verbeel jou dat jy iewers in die toekoms 'n groot bedrag geld leen. Dis nie duidelik of rentekoerse gaan styg of daal nie - niemand weet wat gaan gebeur nie.

Neem aan dat, net soos in ander lande, jy 'n veranderlike rentekoers kan kies wat volgens veranderings in die markkoers sal styg of daal. Of dat jy 'n vaste rentekoers kan kies wat 1% hoër as die huidige veranderlike koers is maar wat nie sal verander nie indien die markkoers verander nie. Of jy kan 'n kombinasie van albei kies.


Hoe sal jy verkies dat jou lening saamgestel word?

- | | | | |
|-----------|-------------------------------------|-----------|-------------------------------------|
| 1. | 100% veranderbaar. | 1. | 100% veranderbaar. |
| 2. | 75% veranderbaar, 25% vas. ✓ | 2. | 75% veranderbaar, 25% vas. ✓ |
| 3. | 50% veranderbaar, 50% vas. | 3. | 50% veranderbaar, 50% vas. |
| 4. | 25% veranderbaar, 75% vas. | 4. | 25% veranderbaar, 75% vas. |
| 5. | 100% vas. | 5. | 100% vas. |

24 Versekering kan 'n wye verskeidenheid groot risiko's dek - diefstal, brand, ongeluk, siekte, dood, ens. Hoeveel dekking het jy?

- | | | | |
|-----------|----------------------|-----------|----------------------|
| 1. | Baie min. | 1. | Baie min. |
| 2. | 'n Bietjie. | 2. | 'n Bietjie. ✓ |
| 3. | Aansienlik. ✓ | 3. | Aansienlik. |
| 4. | Volledig. | 4. | Volledig. |

- 25 Hierdie vraelys het 'n puntetelling van tussen 0 en 100. Wanneer die punte op 'n grafiek voorgestel word, volg dit die bekende klokvormige kurwe van die normale verspreiding wat hieronder getoon word. Die gemiddelde telling is 50. Twee derdes van alle tellings is binne 10 punte van die gemiddeld af. Net 1 uit 'n 1 000 is minder as 20 of meer as 80. Wat dink jy gaan jou telling wees?



1 Ek is

1. Manlik.
2. Vroulik.

1. **Manlik.** ✓
2. Vroulik.

2 My geboortejaar is

1. -

1. ✓ **1951**

3 Die hoogste onderwysvlak wat ek bereik het, of die naaste ekwivalent daarvan, is

1. Het nie hoërskool voltooi nie.
2. Het hoërskool voltooi.
3. Ambag of diploma.
4. Universiteitsgraad of hoër kwalifikasie.

1. Het nie hoërskool voltooi nie.
2. Het hoërskool voltooi.
3. Ambag of diploma.
4. Universiteitsgraad of hoër kwalifikasie.

4 Gedagtig aan jou inkomste uit alle bronne - werk, beleggings, familie en die staat - in watter inkomstegroep val jou persoonlike inkomste voor belasting?

1. Minder as R100,000 p.j.
2. R100,000 - R249,999 p.j.
3. R250,000 - R499,999 p.j.
4. R500,000 - R999,999 p.j.
5. R1,000,000 - R2,999,999 p.j.
6. R3,000,000 of meer p.j.

1. Minder as R100,000 p.j.
2. R100,000 - R249,999 p.j.
3. R250,000 - R499,999 p.j.
4. R500,000 - R999,999 p.j.
5. R1,000,000 - R2,999,999 p.j.
6. R3,000,000 of meer p.j.

5 Is jy getroud (of in 'n de facto-verhouding)?

1. Ja.
2. Nee.

1. Ja.
2. Nee.

6 Indien "ja", in watter inkomstegroep val julle gekombineerde inkomste voor belasting?

1. Minder as R100,000 p.j.
2. R100,000 - R249,999 p.j.
3. R250,000 - R499,999 p.j.
4. R500,000 - R999,999 p.j.
5. R1,000,000 - R2,999,999 p.j.
6. R3,000,000 of meer p.j.

1. Minder as R100,000 p.j.
2. R100,000 - R249,999 p.j.
3. R250,000 - R499,999 p.j.
4. R500,000 - R999,999 p.j.
5. R1,000,000 - R2,999,999 p.j.
6. R3,000,000 of meer p.j.

7 Hoeveel persone in jou gesin, behalwe jouself, onderhou jy finansiëel ten volle of gedeeltelik?

- | | | | |
|-----|----|-----|----|
| 1. | 0 | 1. | 0 |
| 2. | 1 | 2. | 1 |
| 3. | 2 | 3. | 2 |
| 4. | 3 | 4. | 3 |
| 5. | 4 | 5. | 4 |
| 6. | 5 | 6. | 5 |
| 7. | 6 | 7. | 6 |
| 8. | 7 | 8. | 7 |
| 9. | 8 | 9. | 8 |
| 10. | 9 | 10. | 9 |
| 11. | 10 | 11. | 10 |

8 Dink aan jou netto waarde as dit wat jy besit, met inbegrip van jou gesinswoning en ander persoonlike bates, minus wat jy skuld. In watter groep val jou netto waarde? (Indien jy getroud is of 'n de facto-lewensmaat het, sluit net jou deel van die bates in wat gesamentlik besit word minus jou deel van wat julle gesamentlik skuld.)

- | | | | |
|-----|----------------------------|-----|----------------------------|
| 1. | Minder as R50,000. | 1. | Minder as R50,000. |
| 2. | R50,000 - R124,999. | 2. | R50,000 - R124,999. |
| 3. | R125,000 - R249,999. | 3. | R125,000 - R249,999. |
| 4. | R250,000 - R499,999. | 4. | R250,000 - R499,999. |
| 5. | R500,000 - R999,999. | 5. | R500,000 - R999,999. |
| 6. | R1,000,000 - R2,499,999. | 6. | R1,000,000 - R2,499,999. |
| 7. | R2,500,000 - R4,999,999. | 7. | R2,500,000 - R4,999,999. |
| 8. | R5,000,000 - R9,999,999. | 8. | R5,000,000 - R9,999,999. |
| 9. | R10,000,000 - R24,999,999. | 9. | R10,000,000 - R24,999,999. |
| 10. | R25,000,000 en meer. | 10. | R25,000,000 en meer. |

Jou persoonlike finansiële risikotoleransie-verslag is voorberei uit inligting wat deur jou verskaf is en het, natuurlik, slegs op jou betrekking.

Indien jy, byvoorbeeld, een is van 'n paartjie wat gesamentlike besluite neem, moet jou maat ook 'n risikotoleransie-toets aflê. Albei stelle toetsresultate moet dan in ag geneem word wanneer gesamentlike besluite geneem word. Net so bly jou eie risiko-toleransie wanneer jy namens iemand anders optree, bv. ingevolge 'n volmag of as trustee, ter sake maar moet in ag geneem word teen die agtergrond van jou verantwoordelikhede.

Risikotoleransie, soos met ander aspekte van persoonlikheid, word deur genetika en lewenservaringe bepaal. In wese is dit teen vroeë volwassenheid gevestig. Normaalweg neem dit stadig met ouderdom af en, soos met ander aspekte van persoonlikheid, kan dit as gevolg van groot lewensgebeure, goed of sleg, verander. Jou risikotoleransie moet gevolglik elke twee of drie jaar en ook ná enige groot lewensgebeurtenis hertoets word.

Jou persoonlike finansiële risikotoleransie-verslag vergelyk jou antwoorde met dié wat deur 'n baie groot steekproef van die volwasse bevolking gegee is. Die verslag, veral enige van jou antwoorde wat verskil van dié wat normaalweg deur andere in jou risikogroep aangedui word, moet met jou finansiële adviseur bespreek word. Aantekeninge moet van hierdie bespreking gemaak word. Dié aantekeninge kan wysigings of uitbreidings van besondere aspekte van jou verslag insluit.

Omdat dit krities is dat jy en jou adviseur dieselfde begrip van jou risikotoleransie sal hê, moet julle albei jou verslag afteken, met inbegrip van enige veranderinge wat as gevolg van bespreking gemaak word.

Dit is belangrik om vertroue te hê in enige persoon met wie jy jou risikotoleransie bespreek. Hy of sy moet die ervaring, vaardigheid en kapasiteit hê om dit saam met jou in 'n besluitnemingsproses te inkorporeer.

Jy kan op jou persoonlike finansiële risikotoleransie-verslag staatmaak om jou by te staan met jou finansiële besluitneming. Ons kan egter nie enige spesifieke besluit wat jy moontlik kan neem onderskryf of ondersteun nie want, terwyl ons die verslag self ten volle ondersteun, is ons nie ingelig ten opsigte van al die ander inligting wat deur doeltreffende finansiële besluitneming vereis word nie.

Ons risikotoleransie-toetsstelsel is die finansiëledienste-ekwivalent van die eerste bloeddrukmasjien. Terwyl 'n akkurate bloeddruklesing op sigself nie 'n diagnose of behandeling bepaal nie, verskaf dit wel krities belangrike inligting. Soos die gebruik van wetenskaplike toetsing oral bekend raak, sal beter "diagnoses" gemaak word, meer geskikte "behandelings" sal voorgeskryf word, die voorkoms van onaangename "newe-effekte" sal verminder word en "gesondheids"-uitkomst sal verbeter.

Risiko, risikotoleransie en sielkundige toetsing

FinaMetrica se risikotoleransie-puntetellingskaal

FinaMetrica se risikogroepbeskrywings en-verskille

Die ontwikkeling van die FinaMetrica-stelsel

1. Risiko, risikotoleransie en sielkundige toetsing

Risiko beteken verskillende dinge vir verskillende mense – gevaar, onsekerheid, geleentheid, opwinding. In werklikheid is daar egter risiko in enige situasie waar daar meer as een moontlike uitkomst is en die uitkomstes het verskillende waardes vir jou.

Ons weet almal dat wanneer dit by risiko kom, ons elkeen ons eie gemaksone het. Ons weet ook dat ons vriende, familie, gesinslede en kollegas dikwels ander sones as ons eie het.

Studies het vyf verskillende kategorieë risiko geïdentifiseer: finansiële, fisies, maatskaplik, gesondheid en eties. Die meeste mense tree konsekwent binne 'n kategorie op maar nie noodwendig tussen kategorieë nie, bv. 'n vryvaller is baie waarskynlik ook 'n bergklimmer maar kan moontlik of moontlik nie 'n gemaklike openbare spreker of finansiële waaglustige wees of nie wees nie.

Mense reageer verskillend op risiko. Party is uit gewoonte geneig om dit teen te werk, andere om dit te aanvaar. Risikotoleransie is die vlak van risiko wat 'n persoon verkies om te loop. Daar moet aan gedink word as 'n kontinuum, met mense wat strek van risiko-vermyders tot risiko-soekers. Dit is nie 'n besondere punt op daardie kontinuum nie maar eerder 'n reikwydte waarbinne die individu gemaklik is.

Die hele kwessie van finansiële risiko is moeilik. Aan die een kant weerhou lae risikotoleransie baie mense daarvan om finansiële so goed hulle kan, te vaar. Aan die ander kant ontstaan party van die lewe se onaangenaamste finansiële verrassings omdat mense blootgestel is aan 'n vlak van risiko buite hulle gemaksones, m.a.w. verder as hulle risiko-toleransie. Terwyl ons dus geneig is om op die gevare van te veel risiko te konsentreer, is dit moontlik om te min risiko te hê, wat daartoe lei dat geleenthede misgeloop word.

Anders as byvoorbeeld lengte of gewig, is daar geen eenheidsmaat vir risikotoleransie nie. 'n Persoon se risikotoleransie kan net in verhouding tot ander s'n op 'n kunsmatige skaal gemeet word (baie soos die meting van IK). Mense weet dalk watter risiko's hulle bereid is om te neem of nie te neem nie. maar dis onwaarskynlik dat hulle weet hoe hulle met ander vergelyk.

Studies bevestig dat mense oor die algemeen nie hulle eie risiko-toleransie akkuraat skat nie (en, geen wonder nie, gegewe die probleme in enige kommunikasie oor 'n ontasbare, dat hulle adviseurs se skattings minder akkuraat is as hulle eie). Terwyl die patroon van skattings onreëlmatig is, is daar 'n effe algemene neiging om te onderskat. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die meerderheid van die bevolking, in absolute terme, meer risiko-vermydend is as wat dit risiko-soekend is. Wanneer hulle voor 'n keuse tussen 'n seker wins en 'n onseker maar waarskynlik groter wins te staan kom, verkies 'n aansienlike meerderheid die seker (maar waarskynlik kleiner) wins. Iemand wat in absolute terme effe risiko-afkerig is, besef dalk nie dat dit tipies is van die bevolking as 'n geheel nie.

'n Bykomende probleem is dat selfs die betekenis van "risiko" van die situasie kan afhang. Wanneer individue van "risiko" praat soos hulle dit in hul persoonlike finansiële sake ondervind, praat hulle nie van dieselfde ding as wanneer beleggingsnavorsers die "risiko" van 'n belegging bespreek nie.

'n Dubbele uitdaging staar verbruikers (en hul finansiële beplanners) dus in die gesig:

- eerstens, om 'n akkurate en betekenisvolle bepaling van hul risikotoleransie te maak, soos hulle dit sien, en
- tweedens, om hierdie bepaling so uit te druk dat die risiko van hul huidige beplanning, en van die alternatiewe beplannings besluite wat nou aan hulle gebied word, teen hulle risikotoleransie gemeet kan word.

Elke gebied waarop die mens doenig is, gebruik die een of ander vorm van meting, en elke gebied het sy eie eenhede, middele en dissiplines ten opsigte van meting.

Risikotoleransie is 'n sielkundige eienskap soos ander aspekte van persoonlikheid. 'n Eienskap kan gedefinieer word as enige onderskeibare, relatief blywende manier waarop een persoon van 'n ander verskil.

Sielkundiges en statistici is sedert die vroeë 1900's besig om tegnieke te ontwikkel om sielkundige eienskappe te meet en te bepaal. Alhoewel hierdie ontwikkeling nie sonder omstredenheid was nie, is daar nou 'n algemeen aanvaarde dissipline vir sielkundige toetsing en assessering. Die tegniese gehalte van enige toets kan aan internasionaal aanvaarde psigometriese standaarde gemeet word. 'n "Goeie" toets is een wat geldig en betroubaar is, d.w.s. dit meet wat dit bedoel is om te meet en dit doen dit konsekwent.

FinaMetrica se risikoprofileringstelsel is ontwikkel met behulp van die dissiplines wat op psigometriese toetsing van toepassing is en die toets self oortref internasionale psigometriese standaarde.

[Terug na indeks van footnote](#)


2. FinaMetrica se risikotoleransie-puntetellingskaal

Soos met vele ander menslike eienskappe, is risiko-toleransie normaal versprei. Wanneer risikotoleransie-tellings statisties ontleed word,

word bevind hulle pas by die patroon van 'n normale verspreiding. Op 'n grafiek voorgestel volg hulle die bekende klokkurwe.

Aangesien die wiskunde rondom 'n normale verspreiding goed gedefinieer is, vereenvoudig dit die interpretasie van individuele puntetellings. Byvoorbeeld, dit is moontlik om met vertroue te verklaar watter proporsie van die puntetellings bo of onder 'n spesifieke telling sal wees en ook watter proporsie binne 'n sekere reeks puntetellings sal val.

Ten einde begrip en interpretasie aan te help is die 'ruwe' tellings van die vraelys 'gestandaardiseer' tot die FinaMetrica-risikotoleransieskaal wat 'n gemiddeld van 50 en 'n standaardafwyking van 10 het.



Om begrip en interpretasie verder te bevorder, is die skaal van 0-100 in sewe segmente onderverdeel. Die middelste segment is die gemiddeld \pm 'n halwe standaard, d.i. van 45 tot 54. Die segmente weerskante is dan 'n standaardafwyking hoër of laer, terwyl die eindsegmente die res van die hoë en lae eindpunte van die verspreiding dek.

Daar is sewe segmente nodig om voldoende onderskeiding te gee vir diegene met 'n uiters lae of uiters hoë risikotoleransie - een persoon uit 'n 100 in albei gevalle. In IK-terme is dit die ekwivalent van diegene met IK's van minder as 75 of hoër as 125.

[Terug na indeks van footnote](#)

3. FinaMetrica se risikogroepbeskrywings en-verskille

'n Persoon se risikogroepbeskrywing, verfyn deur enige aangemelde verskille, verskaf die grondslag vir die risiko-evaluering van sy of haar huidige beplanning, en in enige finansiële besluite wat oorweeg word, teen sy of haar risikotoleransie.

Die groepsbeskrywings help 'n mens (en jou finansiële beplanner) om 'n beeld saam te stel van wat tipies vir jou groep is. Die risikogroepe kan beskou word as die ekwivalent van die standaard-kleregroottes waar Groep 4 Medium, Groep 5 Groot en Groep 3 Klein is, ens.

Die risikogroep-beskrywings is ontwikkel deur te analiseer hoe lede van daardie groep die vraelys gewoonlik beantwoord. Byvoorbeeld, by die beantwoording van vraag 3 verkies meer as 80% van Risikogroep 4 "onsekerheid" en daarom sê die groepbeskrywing: "Hulle dink gewoonlik aan risiko as onsekerheid."

Natuurlik is daar min mense wat presies by die groepsbeskrywing sal pas. Waar 'n persoon 'n ander antwoord gee, word daardie antwoord aangeteken. Gewoonlik sal iemand omtrent vyf verskillende antwoorde gee en sodoende vyf aangetekende verskille hê. Die aangetekende verskille kan beskou word as die ekwivalent van die verstellings wat nodig is om een van die standaard-kleregroottes presies te laat pas.

[Terug na indeks van footnote](#)

4. Die ontwikkeling van die FinaMetrica-stelsel

Die FinaMetrica-stelsel het sy oorsprong by die Survey of Financial Risk Tolerance (SOFRT) geskryf deur Dr. Michael J. Roszkowski, assosiaat-professor in Sielkunde aan die American College, Bryn Mawr, PA. Dr. Roszkowski is 'n erkende deskundige op die gebied van die verhoudings tussen sielkundige en finansiële veranderlikes, en konsulteer FinaMetrica nog steeds. Die SOFRT was PR-gebaseer en het 'n vraelys van 57 vrae gebruik wat 30 minute geneem het om te voltooi.

Die eerste ontwikkelingsfase van FinaMetrica was 'n voorlisensieringsevaluering van die SOFRT-stelsel, wat laat in 1997 voltooi is, wat die volgende behels het:

- om die taal van SOFRT vir Australië aan te pas,
- om die risikotoleransieskaal met sy sewe segmente en die risikogroep/-verskille-verslagdoeningstelsel te ontwikkel,
- om bruikbaarheids - en normeringsproewe te doen,
- om die Australiese databasis te vestig.

Die evaluering was suksesvol ten opsigte van die bevestiging van Australiese geldigheid en betroubaarheid, maar finansiële beplanners en kliënte het berig dat die SOFRT-stelsel te omslagtig en tydrowend was om dit die moeite werd te maak.

FinaMetrica kon egter die tekortkominge van SOFTR oorkom. Die tweede ontwikkelingsfase, wat in Oktober 1998 voltooi is, het die daarstelling van 'n nuwe toets en toetsstelsel geword wat die volgende behels het:

- die ontwikkeling van vrae met 'n groter relevansie en/of nuttigheid ten opsigte van verslagdoening en vermindering van die aantal vrae terwyl dit psigometriese integriteit behou,
- die uitvinding van 'n nuwe, meer presiese puntetoekenningsalgoritme wat betroubaarheid/akkuraatheid verbeter en die aantal vrae van 57 na 25 verminder het,
- die uitvoering van drie verdere toetse, en
- die vestiging van die stelsel op ons webtuiste.

Bedreweheid ten opsigte van sielkundige toetse is gedurende die eerste fase deur Chandler & McLeod Consultants verskaf, en gedurende die tweede fase deur dr. Austen Adams en Jim Bright van die eenheid vir toegepaste sielkunde by die Universiteit van New South Wales.

FinaMetrica het deurlopende navorsingsverhoudings met akademiese instellings in Australië en elders. Die kenmerke van ons toets word voortdurend gemonitor. In 2011/12 is ons databasis van ~500 000 voltooide toetse in detail geanaliseer en die toets is verfyn deur klein aanpassings aan die skale en telling-algoritmes aan te bring. Die toets oortref steeds psigometriese standaarde vir hierdie soort toetse. Gedurende hierdie mees onlangse analise is psigometriese kundigheid deur Dr Joanne Earl, Skool van Sielkunde, University of New South Wales.

[Terug na indeks van footnote](#)

Jean Sample 25Q ZAA

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for handwritten notes related to the sample 'Jean Sample 25Q ZAA'.

John Sample 25Q ZAA

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for handwritten notes related to the sample 'John Sample 25Q ZAA'.

JEAN SAMPLE 25Q ZAA

Handtekening _____

Datum _____

JOHN SAMPLE 25Q ZAA

Handtekening _____

Datum _____

Finansiële beplanner: FinaMetrica Demo Advisor

FinaMetrica Demo

Handtekening _____

Datum _____